Department of
**Education**

GOVERNMENT OF
WESTERN AUSTRALIA

**Shaping the future**

# Kom ons praat oor u bekommernisse

**Ons skole is daartoe verbind om gehalteonderwys in 'n veilige, inklusiewe en sorgsame leeromgewing aan alle leerders te voorsien. Ons heg waarde daaraan om saam met ouers en versorgers as vennote aan hulle kinders se opvoeding te werk.**

Kommunikasie tussen u en u skool is 'n belangrike deel van u kind se opvoeding. U behoort volle vertroue te hê dat ons na u bekommernisse sal luister, daarop sal reageer en saam met u sal werk om klagtes op te los.

Kontak u skool sodra daar enige bekommernisse is. Die beste plek om te begin, is om met u kind se onderwyser, jaarkoördineerder, die skoolbestuur of skoolhoof te gesels. Kontak die skool om 'n afspraak te maak of, indien u so verkies, stuur 'n e-pos of 'n brief, of skakel ons.

U kan gevra word om u bekommernisse op skrif te stel as daar veelvuldige of ingewikkelde kwessies is waarvan u ons wil vertel.

## Gesels met u skoolhoof indien:

- u nie 'n bevredigende resultaat met die onderwyser of personeellid behaal het nie
- die aangeleentheid oor die gedrag van 'n onderwyser of personeellid gaan
- die aangeleentheid iets behels wat u kind se opvoeding beïnvloed.

## Gesels met u skool se onderwysstreekkantoor indien:

- u glo dat u bekommernis nie deur die skool opgelos is nie
- die aangeleentheid oor die gedrag van die skoolhoof gaan.

'n Lys van onderwysstreekkantore is beskikbaar op ons webwerf – education.wa.edu.au/contact

## Dien 'n anonieme klagte in

U kan 'n klagte anoniem indien, maar dit kan moeilik wees om 'n saak op te los as ons nie met u oor die besonderhede van u klagte kan praat nie.

## Toegang tot ondersteuning

Dit kan vir sommige mense oorweldigend wees om 'n klagte in te dien. U kan toegang tot ondersteuning kry deur die klagte-advieslyn by 1800 655 985 te skakel. Die Ouerskakelkantoor kan ondersteuning bied deur as 'n skakel tussen skole, onderwysstreekkantore, sentrale dienste, ouers en versorgers, en lede van die skoolgemeenskap op te tree. U kan te eniger tyd tydens die klagtehanteringsproses die Ouerskakelbeampte vir advies kontak deur 'n e-pos te stuur na: parentliaison@education.wa.edu.au

## Hoe om 'n klagte in te dien of verdere inligting te bekom:

Kontak u skool of onderwysstreekkantoor.
Vind kontakbesonderhede:
education.wa.edu.au/schoolsonline

Skakel die klagte-advieslyn:
1800 655 985
8:30vm tot 4:30nm Maandag tot Vrydag

Dien 'n klagte in en verstaan die klagteproses:
education.wa.edu.au/complaints

As u nie tevrede is met die hantering van u klagte nie of glo dat die resultaat onredelik is, kan u op enige stadium tydens die proses 'n versoek om 'n onafhanklike oorsig rig deur met die Ombudsman Westelike Australië in verbinding te tree – ombudsman.wa.gov.au

## As u bekommernisse het, is 'n gesprek met u kind se onderwyser of skoolhoof die beste plek om te begin.